# My voorgraadse aansoek om in 2025 aan die Universiteit Stellenbosch te studeer
## Gereelde vrae

## MY AANSOEK

**1. Wat is die Universiteit Stellenbosch se aansoekdatums?**

| | |
|---|---|
| **1 April 2024** | Voorgraadse aansoeke open |
| **1 Oktober 2024*** | Aansoeke om finansiële bystand (befondsing) vir voornemende studente open |
| **31 Julie 2023** | Voorgraadse en koshuisaansoeke sluit |
| **31 Oktober 2024*** | Aansoeke om finansiële bystand (befondsing) vir voornemende studente sluit |
| **15 Desember 2024** | Aansoeke om Diploma in Openbare Verantwoordbaarheid (Skool vir Publieke Leierskap) sluit |

**Datum onderworpe aan verandering.*

**2. Hoe begin ek my aansoek?**

2.1 Gaan na www.maties.com en klik op "Aansoeke vir 2025 nou oop" op die tuisblad, of volg die skakels Aansoek > Doen aansoek by US.

2.2 Skep 'n profiel, gebruik jou profielinligting om aan te meld op die aansoekerportaal, voltooi alle verpligte velde, en dien jou aansoek in.

**3. Waar kan ek meer uitvind oor die programme wat die Universiteit Stellenbosch aanbied?**

3.1 Vir inligting oor die Universiteit se voorgraadse programme, laai die boekie oor minimum toelatingsvereistes af.

3.2 Kyk ook na die inligtingsessies op die Universiteit se Opedagwebtuiste om meer uit te vind.

3.3 As alternatief, bespreek 'n persoonlike of aanlyn adviessessie by Studentewerwing: csr@sun.ac.za of 021 808 4709.

**4. Sê nou ek is reeds vir 'n graad by 'n ander instelling geregistreer, maar ek wil om toelating tot 'n voorgraadse program by die Universiteit Stellenbosch aansoek doen?**

4.1 Om van jou huidige instelling by die Universiteit Stellenbosch aansoek te doen, dui onder "Persoonlike inligting" jou huidige aktiwiteit aan as

"Universiteit/kollege/technikon" en antwoord ja op die vraag "Het jy al elders studeer, of studeer jy tans elders?".

4.2 Vul dan onder "Tersiêre studie" jou huidige studie-inligting in en laai jou akademiese rekord of transkrip (of bewys van registrasie vir die huidige jaar).

4.3 LET WEL: Indien jy versuim om akkurate inligting oor jou vorige registrasie en studies te verskaf – kan dit daartoe lei dat die US jou toelating en/of registrasie kanselleer.

5. **Waar kan ek my aansoekstatus dophou?**
   Volg die status van jou aansoek op die aansoekerportaal of www.maties.com > Aansoek > Aansoekerportaal.

6. **Wat moet ek doen as ek nie die wagwoord kan onthou wat ek gekies het toe ek my profiel geskep het nie?**
   As jy jou wagwoord vergeet het, klik op "Wagwoord vergeet?". 'n Nuwe wagwoord sal geskep en per e-pos aan jou gestuur word.

7. **Wat moet ek doen as my gebruikersnaam en wagwoord kombinasie nie werk nie?**
   Indien jy jou regte e-pos en wagwoord gebruik, maar steeds probleme ervaar wanneer jy probeer inteken, vervang jou e-pos met jou APP/ID as die gebruikersnaam.

8. **Wat beteken dit as ek 'n boodskap ontvang wat sê "Aansoek is ingedien"?**
   Ons het jou aansoek ontvang, maar moet nog jou stawende dokumente en inligting nagaan.

9. **Wat beteken dit as ek 'n boodskap ontvang wat sê "Aansoek is nagegaan"?**
   Ons het jou aansoek en stawende dokumente verwerk. Jou aansoek sal in hierdie stadium op die keuringslys begin verskyn sodat die fakulteite dit kan oorweeg.

10. **Ek het 'n boodskap ontvang dat een van my dokumente nie nagegaan kon word nie. Hoe nou gemaak?**
    Gaan terug na die aansoekerportaal en laai weer die korrekte/volledige dokument. As jy nie die dokument kan laai nie, e-pos dit asseblief na ons Kliëntedienssentrum by info@sun.ac.za. Onthou om jou aansoek-ID by die onderwerpreël in te sluit.

11. **Hoe verander ek my programkeuse nadat ek reeds my aansoek ingedien het?**
    Jy kan jou versoek na ons Kliëntedienssentrum e-pos by info@sun.ac.za. Onthou om jou aansoek-ID by die onderwerpreël in te sluit. Onthou egter dat as aansoeke reeds gesluit het, die betrokke fakulteit kan weier om jou versoek vir 'n programverandering te oorweeg. Met ander woorde, ná die sluitingsdatum berus dit by die fakulteit om te besluit of hulle jou versoek om van program te verander sal toestaan of weier.

## MY AKADEMIESE AANBOD

1. **Ek het nog niks van die Universiteit Stellenbosch (US) gehoor nie, maar het reeds aanbiedinge van ander instellings ontvang. Wanneer kan ek terugvoer van die US verwag?**
   1.1 Jy sal die uitslag van jou aansoek voor die einde van September ontvang.
   1.2 Indien ons jou 'n voorwaardelike of finale aanbod maak, sal jy tot 30 September hê om dit te aanvaar of van die hand te wys.
   1.3 Ons kan ook nog ná 30 September verdere aanbiedinge maak. In so 'n geval sal jy drie dae hê om dit te aanvaar of van die hand te wys.

2. **Wat is die verskil tussen 'n voorwaardelike en 'n finale aanbod?**
   2.1 As jy met jou graad 11-punte aansoek doen, kan ons jou toelaat op voorwaarde dat jy jou finale NSS- of gelykstaande eksamen slaag en dat jou uitslae voldoen aan die voorwaardes van die program waarom jy aansoek gedoen het. Dít is 'n **voorwaardelike aanbod**.
   2.2 Ons sal jou 'n **finale aanbod** maak op grond van jou finale graad 12-uitslae wat aan die begin van 2025 vrygestel word. Jy sal twee (2) dae hê om die finale aanbod te aanvaar; indien nie, verval die aanbod.
   2.3 Indien jy jou finale skooljaar in 'n vorige jaar voltooi het en met jou graad 12-punte aansoek doen, sal ons jou vir 'n **finale aanbod/aanbiedinge** oorweeg. Jy sal een van daardie aanbiedinge moet aanvaar voor die sperdatum wat ons in ons skriftelike kommunikasie aandui. Aangesien dít reeds 'n finale aanbod sal wees, sal jy nie aan die begin van 2025 'n verdere finale aanbod ontvang nie.

3. **Kan ek meer as een aanbod ontvang?**
   3.1 Jy kan om tot drie programme aansoek doen en daarvoor oorweeg word. Dit ís dus moontlik om 'n aanbod vir meer as een van jou programkeuses te ontvang.
   3.2 Nietemin mag jy in enige bepaalde stadium slegs een aanbod aanvaar.
   3.3 Voorwaardelike aanbiedinge
      3.3.1 Indien jy 'n voorwaardelike aanbod aanvaar terwyl jy nog op die uitslag van 'n ander programaansoek wag, sal dit glad nie sodanige ander aansoek beïnvloed nie. Jy sal steeds vir die ander program oorweeg word.
      3.3.2 Indien jy 'n voorwaardelike aanbod ontvang wat jy graag wil aanvaar, kan jy enige ander voorwaardelike aanbod wat jy tot in daardie stadium aanvaar het van die hand wys.
   3.4 Finale aanbiedinge
      3.4.1 Om 'n finale aanbod wat jy reeds aanvaar het van die hand te wys sodat jy 'n ander aanbod kan aanvaar, kontak die betrokke fakulteitsbeampte/-administrateur om die aanbod wat jy klaar aanvaar het te kanselleer.

4. **Sal ek vir 'n finale aanbod oorweeg word?**
   4.1 Indien jy in graad 12 is, kan ons jou eers 'n finale aanbod maak nadat jou finale graad 12-uitslae aan die begin van 2025 vrygestel is. Jy hoef nie jou NSS- of IEB-punte te laai nie. Ons sal dit direk van die Departement van Basiese Onderwys ontvang.
   4.2 As jy nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie of 'n internasionale skoolkurrikulum gevolg het, moet jy jou uitslae by Undergraduate international applications (sun.ac.za) oplaai sodra jy dit ontvang.
   4.3 Indien jy jou finale skooljaar in 'n vorige jaar voltooi het en met jou graad 12-punte aansoek doen, sal ons jou vir 'n finale aanbod/aanbiedinge oorweeg.

5. **Teen wanneer moet ek 'n aanbod van die Universiteit Stellenbosch op die aansoekerportaal aanvaar?**
   5.1 Jy het tot 30 September om 'n aanbod te aanvaar.
   5.2 Indien jy meer as een aanbod ontvang, mag jy slegs een daarvan aanvaar.
   5.3 Voorwaardelike aanbiedinge
      5.3.1 Indien jy 'n voorwaardelike aanbod aanvaar terwyl jy nog op die uitslag van 'n ander programaansoek wag, sal dit glad nie sodanige ander aansoek beïnvloed nie. Jy sal steeds vir die ander program oorweeg word.
      5.3.2 Indien jy 'n voorwaardelike aanbod ontvang wat jy graag wil aanvaar, kan jy enige ander voorwaardelike aanbod wat jy tot in daardie stadium aanvaar het van die hand wys.
   5.4 Finale aanbiedinge
      5.4.1 Om 'n finale aanbod wat jy reeds aanvaar het van die hand te wys sodat jy 'n ander aanbod kan aanvaar, kontak die betrokke fakulteitsbeampte/-administrateur om die aanbod wat jy klaar aanvaar het te kanselleer.
   5.5 Jy kan egter nog ná 30 September 'n aanbod ontvang. In so 'n geval sal jy drie (3) dae hê om dit te aanvaar of van die hand te wys, waarna die aanbod verval.

## AANVAARDING VAN MY AKADEMIESE AANBOD

1. **Wat moet ek doen om my aanbod amptelik te aanvaar?**
   1.1 Meld aan op die aansoekerportaal en aanvaar die aanbod.
   1.2 Sodra jy 'n aanbod (hetsy 'n voorwaardelike of finale een) aanvaar, sal jy gevra word om 'n ondertekende studentekontrak in te dien. As ons nie jou ondertekende kontrak ontvang nie, sal jy nie in 2025 kan registreer nie.

2. **Sê nou ek wys die Universiteit Stellenbosch se aanbod van die hand, maar verander dan van plan?**
   2.1 Kontak ons Kliëntedienssentrum by info@sun.ac.za.
   2.2 Die betrokke fakulteit sal jou laat weet of hulle jou nog kan inneem.

3. **Kan ek meer as een aanbod aanvaar?**
   3.1 Hoewel dit moontlik is om meer as een aanbod te ontvang, mag jy in enige bepaalde stadium slegs een aanvaar.
   3.2 Voorwaardelike aanbiedinge
      3.2.1 Indien jy 'n voorwaardelike aanbod aanvaar terwyl jy nog op die uitslag van 'n ander programaansoek wag, sal dit glad nie sodanige ander aansoek beïnvloed nie. Jy sal steeds vir die ander program oorweeg word.
      3.2.2 Indien jy 'n voorwaardelike aanbod ontvang wat jy graag wil aanvaar, kan jy enige ander voorwaardelike aanbod wat jy tot in daardie stadium aanvaar het van die hand wys.
   3.3 Finale aanbiedinge
      3.3.1 Om 'n finale aanbod wat jy reeds aanvaar het van die hand te wys sodat jy 'n ander aanbod kan aanvaar, kontak die betrokke fakulteitsbeampte/-administrateur om die aanbod wat jy klaar aanvaar het te kanselleer.
   3.4 Indien jy 'n aanbod van die Universiteit Stellenbosch wil aanvaar, maak so teen 30 September.
   3.5 Nietemin kan jy nog ná 30 September 'n aanbod ontvang. In so 'n geval sal jy drie (3) dae hê om dit te aanvaar of van die hand te wys, waarna die aanbod verval.

## MY STUDENTEKONTRAK

1. **Waar kry ek my Universiteit Stellenbosch-studentekontrak om te onderteken?**
   1.1 Jou studentekontrak word by jou aanbod ingesluit.
   1.2 So nie, kry dit op die aansoekerportaal of op ons webtuiste vir voornemende studente, www.maties.com, by die skakels Aansoek > Aansoekdokumente.

2. **Kan ek my studentekontrak elektronies onderteken, of moet ek dit druk, onderteken en laai?**
   2.1 Jou kontrak moet met die hand onderteken word. Bekom en druk die kontrak, onderteken die dokument, en skandeer en laai dit dan.
   2.2 Ons kan ongelukkig nie 'getikte' handtekeninge, elektroniese handtekeninge of 'n foto van die ondertekende kontrak aanvaar nie.
   2.3 Gebruik die Adobe Scan-toepassing om jou studentekontrak te skandeer, of ondersoek ander moontlikhede. Gaan na die Google Play Store/App Store of Huawei App Gallery op jou slimfoon.

## MY NASIONALE NORMTOETS- (NNT-)UITSLAE

1. **Moet ek die NNT's skryf?**
   1.1 Slegs School of Tomorrow-aansoekers en diegene wat by die Fakulteit Regsgeleerdheid aansoek doen, moet die NNT's skryf.
   1.2 Indien jy by die Fakulteit Regsgeleerdheid aansoek doen (BA Regte, BCom Regte, BRekLLB en die vier jaar lange LLB-program), moet jy die NNT's voor 31 Julie 2024 skryf.
   1.3 Indien jy 'n School of Tomorrow-aansoeker is, moet jy die NNT's voor die einde van September 2024 skryf sodat jou diskresionêre toelating deur die Senaat betyds vir registrasie in 2025 afgehandel kan word.

2. **Moet ek my NNT-uitslae indien?**
   Nee. Die Sentrum vir Opvoedkundige Toetsing vir Toegang en Plasing (wat by die Universiteit van Kaapstad geleë is) sal jou NNT-uitslae aan ons stuur.

3. **Waar kan ek meer uitvind oor NNT-datums en -besprekings?**
   Gaan na www.nbt.ac.za vir NNT-datums en -besprekings.

## MY BEURS-(BEFONDSINGS-) AANSOEK

1. **Wat is die datums vir befondsingsaansoeke by die Universiteit Stellenbosch?**
   Befondsingsaansoeke vir voornemende studente open op 1 Oktober en sluit op 31 Oktober 2024.* Laat toelatings sal van geval tot geval hanteer word.
   (**Datums onderworpe aan verandering.*)

2. **Wie kan om befondsing aansoek doen?**
   2.1 Alle studie-aansoekers wat Suid-Afrikaanse burgers is en 'n voorwaardelike of finale aanbod van die Universiteit Stellenbosch ontvang het, kan aansoek doen.
   2.2 Aangesien die Universiteit se finansiële hulpbronne beperk is, word befondsing toegeken op grond van finansiële behoefte (huishoudelike finansiële omstandighede) en akademiese meriete (die aansoeker se potensiaal om suksesvol te studeer).

3. **Watter befondsing het die Universiteit Stellenbosch beskikbaar?**
   Ons bied hoofsaaklik 'n verskeidenheid van gedeeltelikekostebeurse. Vir die besonderhede, raadpleeg die Beursjaarboek en die skakel Soorte befondsing op die webblad van die Sentrum vir Voorgraadse Beurse & Lenings (SVBL).

4. **Watter dokumente moet ek voorsien wanneer ek 'n befondsingsaansoek indien?**
   4.1 Jy moet verskeie stawende dokumente voorsien as jy by die Universiteit Stellenbosch om befondsing aansoek doen. Vir 'n samevatting van die stawende dokumente wat jy na gelang van jou persoonlike, gesins- en finansiële omstandighede moet indien, raadpleeg die tabel hier onder. Alle aansoekers moet die toestemmingsvorm (onderteken deur alle partye) invul.
   4.2 Neem ook kennis dat alle stawende dokumente duidelik gemerk moet wees, in PDF-formaat opgelaai word en dat geen lêer 2 MB mag oorskry nie. Alle dokumente wat as bewys van inkomste ingedien word, sal deur 'n derde party geverifieer word.

| **PERSOONLIKE INLIGTING VAN STUDENT** | **INLIGTING VAN OUER(S) OF WETTIGE VOOG(DE)** vir elke ouer/wettige voog |
|---|---|
| • Gewaarmerkte afskrif van **ID**<br>• **Mediese sertifikaat** (indien jy 'n gestremdheid het) *of* **SASSA** 'n Bladsy lange opsomming van jou **CV**, waaronder enige leierskapsrol, sportprestasie en ander toekennings<br>• **Jongste akademiese rekord** *indien* jy tans aan 'n ander universiteit studeer | • **Sterftesertifikaat** *indien* oorlede<br>• Gewaarmerkte afskrif van **ID**<br>• **Bewys van inkomste en maandelikse inkomste voor belasting** (salarisstrokie/ITA34/beëdigde verklaring van tipe informele werk en inkomste), *of* **werkloosheid** (beëdigde verklaring/afleggingsbrief/WVF-brief), *of* **kindertoelaag** (onderhoudsooreenkoms), *of* **pensioen/SASSA** (brief van bank/bankstaat) |
| **GESINSINLIGTING**<br>• Vir huwelikstaat van ouer(s)/wettige voog(de), indien uitmekaar, geskei of vervreemd, **bewys van skeiding, egskeiding** (skeibevel) *of* **vervreemding**, en **onderhoudsooreenkoms** *indien* van toepassing<br>• **Bewys van universiteitsregistrasie** van enige broers of susters, slegs tot en met drie | **INLIGTING VAN EGGENOOT** indien aansoeker getroud/weduwee/wewenaar is<br>• **Sterftesertifikaat** *indien* oorlede<br>• Gewaarmerkte afskrif van **ID**<br>• **Bewys van inkomste en maandelikse inkomste voor belasting** (salarisstrokie/ITA34/beëdigde verklaring van tipe informele werk en inkomste), *of* **werkloosheid** (beëdigde verklaring/afleggingsbrief/WVF-brief), *of* **kindertoelaag** (onderhoudsooreenkoms), *of* **pensioen/SASSA** (brief van bank/bankstaat) |
| Plus die **toestemmingsvorm** onderteken deur alle partye. | |

**5. Hoe doen ek aansoek om befondsing?**

Sodra jy as voornemende student jou voorwaardelike of finale aanbod aanvaar het, sal jy 'n e-pos van die Sentrum vir Voorgraadse Beurse & Lenings (SVBL) ontvang met die besonderhede van hoe jy om befondsing kan aansoek doen. Alle aansoeke vind aanlyn plaas en jy benodig jou US-studentenommer vir toegang tot die portaal. In die tussentyd is meer inligting beskikbaar op die webblad van die SVBL onder die skakel Aansoekproses.

**6. Wanneer sal ek van die uitslag van my befondsingsaansoek in kennis gestel word?**

Alle aansoeke sal ná die sluitingsdatum oorweeg word. Aansoekers om die Universiteit Stellenbosch se eie beurse sal teen einde-Februarie 2025 van die uitslag in kennis gestel word. Die bekendmakingsdatums vir beurse wat deur US-eksterne skenkers beskikbaar gestel word, kan wissel; nietemin behoort die meeste teen einde-Mei 2025 toegeken te word.

**7. Hoe doen ek aansoek by die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS)?**

7.1 NSFAS finansier nuwelingstudente wat vir die eerste keer aan 'n openbare universiteit studeer.

7.2 Alle aansoekers uit huishoudings met 'n bruto inkomste (totale inkomste voor belasting) van minder as R350 000 per jaar kan vir 'n beurs van NSFAS oorweeg word; vir studente wat met 'n gestremdheid leef, moet die bruto huishoudelike inkomste nie meer as R600 000 per jaar wees nie.

7.3 Aansoeke vind aanlyn op die NSFAS-webtuiste plaas. Aansoeke open gewoonlik laat in November en sluit aan die einde van Januarie in die daaropvolgende jaar. Jy sal 'n myNSFAS-rekening moet oopmaak om aansoek te doen. Ons beveel aan dat jy die amptelike NSFAS-webtuiste gereeld vir aankondigings en nuus nagaan.

7.4 Die Universiteit Stellenbosch bestuur nie die aansoek- of keuringsproses vir NSFAS nie. Ons help administreer slegs beursuitbetalings (betaling van gekeurde toelaes) aan suksesvolle aansoekers in opdrag van die regering.

**8. Wie kan ek kontak vir verdere inligting oor US-befondsing?**

Kontak gerus ons Kliëntedienssentrum by 021 808 9111 of info@sun.ac.za. As jy 'n e-pos stuur, onthou om jou US-studentenommer (#) by die onderwerpreël in te sluit, byvoorbeeld, # / 2025 US-befondsingsnavraag.

## MY STUDENTEHUISVESTING

**1. Is akkommodasie by my akademiese aanbod ingesluit?**

Akkommodasie is nie in die akademiese aanbod ingesluit nie. Dit is jou verantwoordelikheid om akkommodasie te bekom, teen jou eie onkoste, voordat jy op kampus arriveer en registreer. Besoek www.maties.com vir meer inligting oor koshuise en privaatverblyf.

**2. Hoe werk die tydlyn vir koshuisplasing?**

2.1 Aanbiedinge vir plasing in 'n koshuis van die Universiteit Stellenbosch sal op 'n deurlopende grondslag tot en met die einde van Oktober 2024 uitgereik word.

2.2 Indien jy nie teen die einde van Oktober koshuisplek gekry het nie, sal jy 'n e-pos ontvang wat dít bevestig en jou na ons webblad vir privaat verblyf verwys.

**3. Hoe aanvaar ek 'n koshuisplek indien ek een aangebied word?**

3.1 Indien 'n plek in 'n koshuis van die Universiteit Stellenbosch op Stellenboschkampus aan jou toegeken is, sal jy 'n aanbod ontvang wat jou vra om binne 30 kalenderdae die aanbod te aanvaar en 'n aanvaardingsbedrag van R5 100 te betaal.

3.2 Indien ons nie jou aanvaardingsbedrag teen die sperdatum ontvang nie, sal jou koshuisbespreking gekanselleer word.

3.3 Op grond van die sosio-ekonomiese inligting in jou aansoek by die Universiteit Stellenbosch kan ons jou 'n laer aanvaardingsbedrag van R500 vra, wat binne 30 kalenderdae betaal moet word om jou koshuisplek te bevestig.

3.3.1 Jy kan vrystelling van die aanvaardingsbedrag versoek deur 'n motivering en bewys van finansiële behoefte by info@sun.ac.za in te dien.

3.3.2 Jy kan ook van die aanvaardingsbedrag vrygestel word indien jy finansiële bystand op grond van behoefte ontvang. Stuur asseblief 'n bewys van sodanige beurs na info@sun.ac.za.

**4. Indien my aansoek om koshuisplasing nié slaag nie, hoe vra ek om heroorweeg te word?**

4.1 Indien jy nie in 'n koshuis geplaas is nie, maar graag oorweeg wil word in geval van moontlike kansellasies, kan jy vanaf 1 November 2024 op die waglys registreer by www.maties.com > waglys.

4.2 Jy kan ook privaat verblyf oorweeg. Gaan na ons webblad vir privaat verblyf vir verdere inligting.

## VERDERE NAVRAE

- Vir enige verdere navrae, kontak gerus ons Kliëntedienssentrum by 021 808 9111 of info@sun.ac.za.
- Maak ook gebruik van ons WhatsApp-kletsbot by 061 729 8858.
- Sluit asseblief jou aansoek-ID én jou studentenommer by alle kommunikasie in.
- Ons probeer om binne drie (3) werksdae op alle e-posnavrae te antwoord.